Publication: Volksblad

Date: Friday, May 24, 2024

Page: 8




**Polisielede tydens hul voorbereiding vir die staatsrede in die Kaapstad-stadsaal vanjaar.** Foto: ARGIEF/JACO MARAIS

# Misdaadstatistieke in verhouding tot die bevolking wys getal moorde het gedaal

**Stefani Terblanche**

Hoewel nie alle Suid-Afrikaners altyd tevrede is met die manier waarop misdaad in die land bestry word nie, het misdaadbestuur wel sedert 1994 verbeter.

Die land word stadig maar seker 'n veiliger plek om in te woon, meen Daryl Swanepoel, uitvoerende hoof van die Inclusive Society Institute, wat pas die bevindinge van hul navorsing daaroor uitgereik het.

Hulle het gekyk na die verskil tussen persepsies en die werklike data oor veiligheid in Suid-Afrika.

"Ons sê beslis nie Suid-Afrika is veilig nie, maar ons is ook nie besig om die stryd te verloor nie," sê Swanepoel aan *Volksblad*.

"Ons wou juis vir Suid-Afrikaners hoop bied en nie bloot troos nie."

Volgens Ipsos se jongste prestasiebarometer vir die regering het 78,27% van die respondente gesê die regering doen nie genoeg om misdaad te bekamp nie.

> **Ons sê beslis nie Suid-Afrika is veilig nie, maar ons is ook nie besig om die stryd te verloor nie.**
>
> — Daryl Swanepoel, uitvoerende hoof van die Inclusive Society Institute

Volgens Swanepoel het hulle gaan kyk na data van die polisie se jaarlikse verslae en Statista se bevolkingsverslae om vas te stel of dié persepsies korrek is.

Luidens die polisie se syfers het moord met 5,9% toegeneem van 25 965 gevalle in 2022 tot 27 494 in 2023.

Die bevolking groei ook, daarom is dit belangrik om na die misdaadstatistieke in verhouding tot die bevolking te kyk, sê hy. Daarom het hulle gaan kyk na die misdaad per 100 000 mense.

Volgens Statistieke Suid-Afrika het die land se bevolking sedert 1994-'95 met 54% toegeneem.

Dus het die getal moorde per 100 000 mense met 31,8% gedaal: van 66 moorde per 100 000 mense in 1994-'95 tot 45 in 2022-'23.

Swanepoel sê ook dat plaasmoorde, hoewel dit beslis steeds 'n slegte situasie is, meer aandag kry.

Van die gemiddeld van 24 216 moorde in die land per jaar oor die drie jaar tot 2022, was die gemiddeld van plaasmoorde gedurende dieselfde tydperk 56. Plaasmoorde was dus 0,23% van alle moorde.

Eiendomsverwante misdaad het ook gedaal van 655 476 sake in 1994-'95 tot 375 970 sake in 2022-'23.

Dwelmverwante misdaad is egter steeds 'n groeiende probleem en het van 1994-'95 tot 2022-'23 met 121,6% toegeneem. In 1994-'95 was daar 118 voorvalle van dié soort misdaad per 100 000 inwoners; in 2022-'23 was die syfer 262.

"Dit lyk asof die owerhede reeds dié stryd in die eerste dekade van die nuwe demokratiese bedeling verloor het, en sedertdien nie daarin kon slaag om 'n houvas op die probleem te kry nie," sê Swanepoel.

Wat betref geslagsgeweld sê hy dit was nie deel van hul fokus vir die studie nie. Hul navorsing was toegespits op breë misdaad wat alle rasse, geslagte en ouderdomme insluit.

Swanepoel het by navraag gesê dat dié statistieke ook 'n afwaartse neiging toon.

Hoewel die syfers toon dat misdaad per 100 000 mense van die bevolking afneem, bly dit volgens Swanepoel 'n groot probleem.

Al word bykomende polisielede aangestel en meer geld beskikbaar gestel, bly Suid-Afrika steeds in die top-10 van lande met die meeste misdaad ter wêreld.

This material has been copied under a Dalro licence and is not for resale or retransmission.